Theewaterskloof Municipality

Posbus 24, Caledon, 7230

OPENBARE KENNISGEWING TER UITNODIGING OM DIE AANVULLENDE WAARDASIEROL VIR 2021/2022 TE INSPEKTEER EN BESWAAR AAN TE TEKEN

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 49(1)(a)(i) tesame met Artikel 78(2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004), hierna die 'Wet' genoem, dat die aanvullende waardasierol vir die 2021/2022 finansiële jaar vanaf **12 Oktober 2022** tot **30 November 2022** oop is vir die publiek se insae by die Theewaterskloof munisipale kantore. Die waardasierol is ook beskikbaar op die webwerf www.twk.gov.za.

'n Uitnodiging word hiermee ingevolge Artikel 49(1)(a)(ii) tesame met Artikel 78(2) van die Wet gerig dat enige eienaar van eiendom of 'n ander persoon wat beswaar by die Munisipale Bestuurder wil aanteken ten opsigte van enige saak wat in die aanvullende waardasierol weergegee word of daaruit weggelaat is, dit binne die bogenoemde tydperk moet doen (voor/op **30 November 2022**).

U aandag word spesifiek gevestig op die feit dat ingevolge artikel 50(2) van die Wet, 'n beswaar met 'n spesifieke individuele eiendom verband moet hou en nie teen die waardasierol as sulks nie. Die vorm vir aanteken van beswaar is verkrygbaar by die munisipale kantore of op die webwerf www.twk.gov.za. Die voltooide vorms kan by enige van die munisipale kantore ingedien word of dit kan gepos word na: Posbus 24, Caledon, 7230.

Vir verdere waardasie inligting kontak CDV Eiendomswaardeerders (082 832 6445) of Margareta de Beer (028 214 3300, valuations@twk.gov.za)

BM Ngubo
Waarnemende Munisipale Bestuurder